# ROOIKAMP

Die siening van Rooikamp se oorspronklike inwoners en nageslag was altyd dat die grond deur Koninging  Victoria aan hul toegewys was vir bewoning.  Hierdie kroongrond is in 1933 deur die Regering aan die Munisipaliteit oorgedra as deel van die dorpsmeet.  Die persone wat hul hier op die grond gevestig het moes, volgens oorlewering, self hul woonpersele uitgelê en skoongemaak het.  Selfgemaakte grondpaadjies is tussen die persele aangebring.  Die naam Rooikamp kom van die rooi kleigrond wat in die deel voorgekom het en 'n oudinwoner vertel dat die rooi klei dikwels gebruik is om hul huise en ringmure in stand te hou.



*Dawid Williams, 1947, Rooikamp*

As woonbuurt was Rooikamp problematies agv 'n gebrek aan infrastruktuur en kon munisipale dienste moeilik verrig word.  Tydens ’n openbare vergadering gehou op 3 Desember 1963 te Ceres, het die burgemeester aangekondig dat die vorige raad bepaal het dat Rooikamp gesloop en herbeplan sou word. Die waardasie van eiendomme sou bepaal word, sodat eienaars vergoed kon word vir enige verliese wat die herbeplanning sou meebring.  Behoorlike infrastruktuur sou nou geskep kon word. Die inwoners kon nou ook behoorlike oordragsertifikate van hul eiendomme kry. Tydens die soneringsproses het 'n gedeelte van die ou Rooikamp buite die bruin gebied

geval. Dit was 'n direkte gevolg van die Groeps Gebiede Wet No, 41 van 1950 (Gedwonge fisiese skeiding tussen rasse deur die skep van verskillende woongebiede vir verskillende rasse). Hierdie gebied is as 'n buffer area tussen die wit en bruin gebied verklaar. Die herbeplanning van Rooikamp is onderbreek deur die aardbewing van 29 September 1969.



*Ant Lokkie and Mnr. Juries Van Rooi voor hul tydelike zinc hok na die aardbewing.*

Ná die aardbewing moes inwoners wat op die verklaarde bufferarea woonagtig was, verhuis en baie het behuising by die nuwe behuisingskema, bekend as White City, gekry.



*Abraham en Elizabeth Booysen in hul huis op die buffersone.*



*Maria Hanse en Jurine van Rooi. White City in die agtergrond te sien. (1970's)*

Selfs na die Groepsgebiedewet herroep in 1991 is, het geen ontwikkeling in Rooikamp plaasgevind nie. Dit herinner 'n mens steeds aan die impak wat apartheidswetgewing op die gemeenskap van Rooikamp gehad het. . Op 1 Maart 2014 is die grondeise-proses afgehandel. Die grondeisebestuur wat die eise namens die inwoners hanteer het, was Mark Mentor, Marinda Mankopan, Audery Esterhuizen, Eric Booysen, Hendrik Titus, Magda Snyders.

Families wat hierdie grond moes verlaat, was: Ismail Isaacs, Philip Swart, Joseph Witness, Jan Swartz, Gawie Krotz, Lena Klaassen, Hans en Frans Muller, Hendrik Sym, Magrieta Swart, Willem Baron, Lena Rhode, Lena Hamat, Charles Higgens, Ben Wessels, Abraham Booysen, Maans Fredericks, Frikkie Coetzee, Christoffel Keyer en Anthony Riddles.



Rooikamp se omliggende buurtes het interessante name gehad wat volgens oorlewering aan verskeie faktore toegeskryf kan word bv Gordyntjiesdorp (weens die feit dat die huisies nie binnedeure gehad het nie, maar sommer met gordyne toegemaak is), Volstruiskamp, White City (as gevolg van die wit waaisand wat in die deel voorkom),



*Juries van Rooi voor sy huis in New Town*

New Town (na die aardbewing was die oorspronklike twee vertrek huisies vervang met viervertrekke), Voetbalkamp (huisies was op die vorige voetbalveld gebou). Later is Volstruiskamp afgebreek en is daar 'n aftreeoord gebou bekend as Maple Park.

Vandag is Rooikamp en sy omliggende buurtes 'n goed ontwikkelde dorpsgebied wat met die volgende kan spog: Rietvallei Biblioteek, Huis Peter Strauss Ouetehuis, Eiland vakansieoord, Annie Brown kliniek, gemeenskapsdiensentrum, verskeie kerkgenootskappe, HM Beets Bewaarskool asook 'n laer -en hoërskool, goed ontwikkelde sportgronde en verskeie kafees.